

1 Desember

Skrifgedeelte: 2 Petrus 2:1-14 (OAV)

Fokusgedeelte: 2 Petrus 2:1-3

Bly by die ware leer en pasop vir dwaalleer!

Die Woord is baie duidelik daaroor dat alle leraars nie die waarheid verkondig nie en dat ons op ons hoede moet wees vir dwaalleraars. In die tyd waarin ons leef word verdraagsaamheid teenoor alle standpunte bepleit, maar die Bybel leer ons dat daar iets is soos onheilige verdraagsaamheid en heilige onverdraagsaamheid. Onheilige verdraagsaamheid is om verdraagsaam te wees teenoor alle vorme van dwaalleer. Dit gaan gewoonlik gepaard met die spreuk: “Elkeen het die reg om te glo soos hy wil.”

Daarteenoor sê die Bybel: “Almal moet glo soos God wil.” Daarom is dit gepas dat ons heilige onverdraagsaamheid sal toepas as dit by dwaalleer kom. Soos Petrus. En ook Paulus en Johannes en Jesus Christus. Petrus gebruik woorde soos “valse profete”, “valse leraars”, “verderflike ketterye”, “verderflikhede” en “verdigte woorde” om die inhoud van hierdie valse leringe mee te beskryf. ’n Mens lees duidelik die heilige onverdraagsaamheid in sy woorde.

Ons moet beseft dat dwaalleer ’n groot gevaar is wat die kerk en ons geloof bedreig, want dit word “heimlik” ingevoer en verloën Jesus Christus as Verlosser en gaan gepaard met verskuilde motiewe soos hebsug en uitbuiting en met strategieë soos om die ware leer te belaster.

Die oordeel oor hierdie valse leraars sal egter nie uitbly nie. God sal hierdie leraars en hulle leer met heilige onverdraagsaamheid vir ewig veroordeel. Totdat dit finaal gebeur, het ons die opdrag om by die waarheid van die gesonde leer te bly.

Ons roeping om soos sout en soos lig op te tree in hierdie verrottende en donker wêreld is dus des te meer aktueel. Ons moet die draers en die beskermers van die waarheid van die evangelie wees in ’n wêreld vol leuens en dwaalleer. Ons kan sonder voorbehoud en sonder vrees die waarheid van die evangelie uitdra en uitleef, ons kan onverskrokke die dwalinge weerlê met die waarheid van die Woord, want ons Here, Jesus Christus, is die Waarheid! Gaan jy dit vandag ook doen?

Sing: Psalm 119:1, 2 (1936)

Ds HPM van Rhyn (Thabazimbi)